

**Die implementering van
kinderdeelname
ingevolge artikel 10 van
die Kinderwet, Wet 38
van 2005, en die
maatskaplike werker se
verantwoordelikheid**

**Marietjie van der Heever
2012**

**Die implementering van kinderdeelname
ingevolge artikel 10 van die Kinderwet, Wet 38
van 2005 en die maatskaplike werker se
verantwoordelikheid.**

Marietjie van der Heever
BDiac(MW)

Manuskrip voorgelê ter gedeeltelike nakoming van die
vereistes
vir die graad

MAGISTER

in

MAATSKAPLIKE WERK:FORENSIESE PRAKTYK

in die

FAKULTEIT GESONDHEIDSWETENSKAPPE

aan die

**NOORDWES-UNIVERSITEIT
(POTCHEFSTROOMKAMPUS)**

Studieleier: Prof. C.C Wessels
Potchefstroom
2012

DANKBETUIGINGS

Ek bedank graag die volgende persone vir hul onmisbare aandeel in my studies:

- ❖ My Hemelse Vader – genade, liefde, insig, entoesiasme, energie, gesondheid en motivering kom van Hom.
- ❖ Ian – my eggenoot, vriend, aansporing, uitdaging en klankbord.
- ❖ Prof. Cornelia Wessels – haar mentorskap, kundige leiding en professionele onderrig is kosbaar.
- ❖ My ouers – besondere dank vir jul volgehoue emosionele en finansiële ondersteuning gedurende my loopbaan tot dusvêr. Sonder julle motivering en geloof in my, sou ek nooit hierdie drome kon bereik nie.
- ❖ Aan al die deelnemers – baie dankie vir jul bereidwilligheid om deel te neem aan die studie en vir waardevolle insette.
- ❖ Famillie, vriende en kollegas – vir belangstelling en ondersteuning.
- ❖ Cecilia van der Walt vir puik taalversorging.

INHOUDSOPGAWE

DANKBETUIGINGS.....	I
INHOUDSOPGAWE.....	II
OPSOMMING.....	III
ABSTRACT.....	IV
VOORSKRIFTE AAN OUTEURS	V
VOORWOORD.....	VI
DIE IMPLEMENTERING VAN KINDERDEELNAME INGEVOLGE ARTIKEL 10 VAN DIE KINDERWET, WET 38 VAN 2005 EN DIE MAATSKAPLIKE WERKER SE VERANTWOORDELIKHEID	1
1. INLEIDING	1
2. PROBLEEMSTELLING.....	1
3. DOELSTELLING	4
4. SENTRALE TEORETIESE STELLING.....	4
5. NAVORSINGSMETODOLOGIE.....	4
5.1 LITERAATUURSTUDIE.....	4
5.2 EMPIRIESE ONDERSOEK	5
5.2.1 DIE NAVORSINGSONTWERP	5
5.2.2 DEELNEMERS.....	5
5.2.3 MEETINSTRUMENTE	7
5.2.4 NAVORSINGSPROSEDURES	7
5.2.5 DATAVERWERKING	8
5.2.6 ETIESE ASPEKTE	9
6. OMSKRYWING VAN BEGRIPPE	10
6.1 MAATSKAPLIKE WERKER	10
6.2 KINDERDEELNAME	11
6.3 ARTIKEL 10 VAN DIE KINDERWET, WET 38 VAN 2005	11
7. BESPREKING VAN KWALITATIEWE DATA	12
TEMA 1: DIE WAARDE VAN DIE IMPLEMENTERING VAN KINDERDEELNAME	13
TEMA 2: INAGNEMING VAN OUDERDOM, ONTWIKKELINGSVLAK EN VOLWASSENHEID.....	16
TEMA 3: DIE INDIVIDUELE IMPLEMENTERING VAN KINDERDEELNAME.....	18
TEMA 4: DIE VERANTWOORDELIKHEID VAN DIE MAATSKAPLIKE WERKER	22
TEMA 5: FAKTORE WAT DIE IMPLEMENTERING VAN KINDERDEELNAME BEÏNVLOED	25
8. GEVOLGTREKKINGS	29
9. AANBEVELINGS.....	30
10. SAMEVATTING.....	32
11. BIBLIOGRAFIE	33
BYLAES.....	39

OPSOMMING

DIE IMPLEMENTERING VAN KINDERDEELNAME INGEVOLGE ARTIKEL 10 VAN DIE KINDERWET, WET 38 VAN 2005 EN DIE MAATSKAPLIKE WERKER SE VERANTWOORDELIKHEID

SLEUTELTERME: Maatskaplike werker, Kinderdeelname, Artikel 10 van die Kinderwet, wet 38 van 2005

Merkwaardige vooruitgang ten opsigte van die noodsaaklikheid van kinderdeelname word waargeneem in die Kinderwet, wet 38 van 2005. Artikel 10 van die Kinderwet, wet 38 van 2005, maak spesifiek voorsiening vir kinders se reg op deelname aan enige aangeleentheid betreffende die kind.

Ten spyte van genoemde vooruitgang in wetgewing is die realiteit dat daar merkbare verskille is tussen kinders se reg op deelname en die samelewing se beleving van die rol van kinders en die vermoëns waaroor hulle beskik. In hierdie artikel val die fokus op die verantwoordelikheid van die maatskaplike werker tydens die implementering van kinderdeelname ingevolge Artikel 10 van die Kinderwet, wet 38 van 2005.

Die suksesvolle implementering van kinderdeelname deur maatskaplike werkers verseker dat die kind se stem tydens belangrike aangeleenthede gehoor word. Dit kan aktief bydra tot die verbetering van dienslewering aan kinders en gesinne ten einde effektiewe intervensieprogramme en 'n positiewe uitkoms van dienslewering te verseker.

ABSTRACT

THE IMPLEMENTATION OF CHILD PARTICIPATION IN TERMS OF SECTION 10 OF THE CHILDREN'S ACT, ACT 38 OF 2005 AND THE SOCIAL WORKER'S RESPONSIBILITY

KEY WORDS: Social worker, Child participation, Section 10 of the Children's Act, act 38 of 2005

Remarkable progress with respect to the necessity of child participation has been observed in the Children's Act, act 38 of 2005. Article 10 of the Children's Act, act 38 of 2005, specifically provides for children's right to participate in any situation applicable to a child.

Despite afore-mentioned progress in the legal field, the reality is that there are remarkable differences between children's rights to participate in society and society's experience of the role children play and the abilities they possess to do so. In this article the focus is on the responsibility of the social worker during the implementation of children's participation, according to the Children's act, act 38 of 2005.

The successful implementation of children's participation by social workers ensures that the child is given a voice while important issues are being heard and discussed. This can actively contribute to the improvement of services offered to children and families with regard to effective intervention programmes and can ensure a positive outcome in terms of services provided.

VOORSKRIFTE AAN OUTEURS

Social Work / Maatskaplike Werk is 'n nasionale geakkrediteerde vaktydskrif. Die tydskrif publiseer artikels, boekbesprekings en kommentaar op reeds gepubliseerde artikels uit enige gebied van maatskaplike werk.

Die volgende standaarde word gestel vir die publisering van bydraes:

- ❖ Artikels mag in Afrikaans of Engels voorgelê word.
- ❖ 'n Engelse opsomming van nie meer as 100 woorde moet die artikel vergesel.
- ❖ Bydraes word krities deur twee keurders beoordeel, wie se identiteite streng vertroulik is.
- ❖ Manuskripte word aan outeurs teruggestuur, as ingrypende hersiening vereis word of as die styl nie met die tydskrif se standaard ooreenstem nie.
- ❖ Artikels van minder as 2 000 woorde of meer as 10 000 woorde sal normaalweg nie oorweeg word vir publikasie nie.
- ❖ 'n Disket met die teks, verkieslik in Windows MS Word moet die hele manuskrip asook twee afskrifte van die manuskrip vergesel.
- ❖ Manuskripte moet in 12 pt "Times New Roman" dubbelspasiëring, slegs op een kant van 'n A4-bladsy getik word.
- ❖ Indien moontlik moet die manuskrip per e-pos aan hsu@sun.ac.za versend word.
- ❖ Verwysings moet volgens die Harvard-stelsel geskied.
- ❖ Verwysings in teks:
 - ❖ As woordelikse sitate, feite of argumente uit ander bronne aangehaal word, moet die van(ne) van die outeur(s), jaar van publikasie en bladsynommer(s) tussen hakkies in die teks verskyn, bv. "... (Berger, 1967:1)
 - ❖ Bronverwysings: Bronne moet alfabeties volgens vanne van die outeurs aan die einde van die manuskrip onder die opskrif "Bibliografie" verskyn.

VOORWOORD

Die artikelformaat is ooreenkomstig Regulasie A.7.5.7.4 vir die graad Magister Maatskaplike Werk: Forensiese Praktyk gekies. Die artikel voldoen aan die vereistes van die vaktydskrif Maatskaplike Werk / Social Work.

Die artikel beslaan 60 krediete uit 'n totaal van 188 krediete van die kursus Magister in Maatskaplike Werk: Forensiese Praktyk.

DIE IMPLEMENTERING VAN KINDERDEELNAME INGEVOLGE ARTIKEL 10 VAN DIE KINDERWET, WET 38 VAN 2005 EN DIE MAATSKAPLIKE WERKER SE VERANTWOORDELIKHEID

Cornelia Wessels, Professor verbonde aan die Vakgroep Maatskaplike Werk, Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus).

Marietjie van der Heever, Meestersgraadstudent in Forensiese Praktyk aan die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) en werksaam te Morgenzon Praktyk, Paarl, as Privaat Maatskaplike werker.

1. INLEIDING

Onlangse ontwikkeling in plaaslike wetgewing dien as bewys dat daar verhoogde bewustheid is van en erkenning vir die noodsaaklikheid van kinders se deelname en insette. Artikel 10 van die Kinderwet, wet 38 van 2005, wat sedert 1 Julie 2007, amptelik in Suid-Afrika geïmplementeer is, maak veral wesenlik voorsiening vir die implementering van kinderdeelname.

Dit is noodsaaklik om in ag te neem dat kinders se reg op deelname hoofsaaklik deur volwassenes beheer en beïnvloed word. Ten opsigte van die Kinderwet, wet 38 van 2005, kan maatskaplike werkers beskou word as instaatstellers van die proses van kinderdeelname, wat verantwoordelik is daarvoor om die kind se siening en vermoëns te respekteer, en nie die kind se siening te beïnvloed nie. Hierdie artikel fokus op die verantwoordelikheid van maatskaplike werkers tydens die implementering van artikel 10 van die Kinderwet, wet 38 van 2005, aangesien hulle 'n deurslaggewende rol vervul ter bepaling en fasilitering van kinderdeelname.

2. PROBLEEMSTELLING

Artikel 10 van die Kinderwet, wet 38 van 2005, bepaal dat elke kind van sodanige ouderdom, volwassenheid en fase van ontwikkeling dat hy of sy instaat is om deel te neem aan enige aangeleentheid betreffende daardie kind het die reg om deel te neem aan enige aangeleentheid betreffende daardie kind. So 'n kind het ook die reg om op enige gepaste wyse aan die verrigtinge deel te neem en behoorlike oorweging moet gegee word aan sienswyses wat deur die kind uitgespreek word. Chirwa (2002:32) en Ang, Berghmans, Cattrijsse, Delens-Ravier, Delplace, Staelens,

Vandewiele, Vandresse en Verheyde (2006:27) beklemtoon dat wetgewing die nodige ruimte vir kinders skep om direk of indirek betrokke te wees by verskeie hofprosedures en formele besluitnemingsforums. Die insette van kinders behoort dus nie alleen as waardevol geag te word nie maar moet na geluister word.

Outeurs soos Cashmore en Parkinson (2009:15), Jordan (2009:719), Sloth-Nielsen (2008a:9) en Stephenson *et al.* (2004:11) beklemtoon dat kinders oor unieke inligting beskik wat verlore sal gaan indien daar nie voorsiening gemaak word vir kinderdeelname nie. Kinders kan voordeel trek uit insluiting by besluitneming, wat 'n positiewe impak op die res van hul lewens kan hê (Barratt, 2003:152; Cashmore & Parkinson, 2009:15; Clark & Statham, 2005:54; Evans, 2009:98; Jordan, 2009:716; Sloth-Nielsen, 2008a:38 & Stephenson *et al.*, 2004:4).

Alhoewel daar tans gepoog word om kinderdeelname te bevorder het die navorser tydens die literatuurstudie daarvan bewus geword dat vordering in die praktyk nie in ooreenstemming is met dit wat deur die wetgewing voorgeskryf word nie. Outeurs soos Cashmore en Parkinson (2009:15), Evans (2009:98), Holland (2004:71), Kruger (2006:253), Luckock en Lefevre (2008:35), Milner en O'Byrne (2009:198), Morgan (2006), Moses (2008:330), Nixon (2006:20), Vanderkerkchove (2002:366-367) en White (2002:109) bespreek egter verskeie redes vir die komplekse kommunikasie tussen maatskaplike werkers en kinders. Vordering in die praktyk met betrekking tot kinderdeelname tydens die intervensieproses stem dus nie ooreen met dit wat deur wetgewing voorgeskryf word nie. Luckock en Lefevre (2008:130) is egter van mening dat praktisyns, deur hul aanwending van verskeie vaardighede, die vermoë kan ontwikkel om met kinders van verskillende ouderdomme te kan kommunikeer.

Kruger (2006:281) beklemtoon in hierdie verband dat daar 'n behoefte bestaan aan hegte en beter vertrouensverhoudings tussen professionele persone en kinders ten einde kinders se beskerming te verseker en hulle aan te moedig om aktief deel te neem aan aangeleenthede wat hulle welstand en ontwikkeling beïnvloed. Deurdat kinders toegelaat word om 'n bydrae te lewer, en deur te luister na wat hulle sê, word professionele rolspelers bemaagtig om werklik in die kind se beste belang te kommunikeer. Daar word uiteindelik gestrewe na 'n gedeelde realiteit tussen die professionele rolspeler en die kind wat meebring dat die professionele rolspeler nie as alwetende outoriteitsfiguur optree nie.

Moses (2008:329) en Burman (2003:124) beklemtoon egter dat dit moeilik is om 'n opsomming te gee van die huidige praktyk van kinderdeelname binne die Suid-Afrikaanse konteks, aangesien die implementering daarvan baie beperk is en dit slegs sporadies geskied. Die gebrek aan navorsing rakende kinders se reg op deelname is deur die outeurs uitgewys.

Ten spyte van onvoldoende navorsing is Burman, Matthias, Sloth-Nielsen en Zaal in Burman (2003:4-5) en Ras (2009:3) egter van mening dat die meeste Suid-Afrikaanse professionele persone wat by wetlike prosedures betrokke is, nie voldoende toegerus is om kinders in staat te stel daartoe om tydens belangrike besluitneming oor hul toekoms betekenisvol deel te neem nie. Die outeurs skryf dit hoofsaaklik toe aan ontoereikende sisteme en bevestig beperkinge en leemtes in maatskaplike werkers en hofampptenare se hantering van die ondersoekproses en hofprosedure.

Landman (2005:1) meen egter dat daar dikwels van maatskaplike werkers verwag word om aandag aan 'n verskeidenheid sosiale behoeftes en probleme te skenk. Volgens die outeur is die gevolg hiervan dat maatskaplike dienslewering op 'n geïntegreerde, holistiese wyse geskied, wat in teenstelling is met die ontwikkelingsgerigte konteks van volhoubaarheid. Dit bring mee dat ervare maatskaplike werkers uiteindelik benodig word om aan die vereistes van die praktyk te voldoen.

In hierdie ondersoek is maatskaplike werkers se implementering van kinderdeelname binne die Suid-Afrikaanse konteks verken, asook die mate waarin onvoldoende sisteme en 'n verskeidenheid sosiale behoeftes en probleme die implementering kan beïnvloed, aangesien dit 'n direkte invloed op die welstand van kinders het. Die navorsingsprobleem was dus dat genoeg kennis rakende maatskaplike werkers se verantwoordelikheid ten opsigte van kinderdeelname in die Suid-Afrikaanse konteks ontoereikend is.

Die volgende navorsingsvraag het ontwikkel uit die voorafgaande inligting:

- Wat is maatskaplike werkers se verantwoordelikheid ten opsigte van kinderdeelname ingevolge Artikel 10 van die Kinderwet, wet 38 van 2005, in die Suid-Afrikaanse konteks?

3. DOELSTELLING

Die doel van hierdie studie is om maatskaplike werkers se verantwoordelikheid ten opsigte van kinderdeelname, soos omskryf in Artikel 10 van die Kinderwet, wet 38 van 2005, te bepaal.

4. SENTRALE TEORETIESE STELLING

Die implementering van kinderdeelname deur maatskaplike werkers verseker dat die kind se stem tydens belangrike aangeleenthede gehoor word. Dit kan aktief bydra tot die verbetering van dienslewering aan kinders en gesinne ten einde effektiewe intervensieprogramme en 'n positiewe uitkoms van dienslewering te verseker.

5. NAVORSINGSMETODOLOGIE

Die bespreking rakende navorsingsmetodologie toon die werkswyse van die navorser aan vir die insameling van inligting ten einde die doelstelling van die studie te bereik (Mouton, 2002:35). Dit behels die navorsingsbenadering wat in die studie toegepas gaan word (Strydom, 2005:252), die tegnieke en meetinstrumente wat gebruik word om die inligting te bekom, die steekproef vir die studie en die beperkings wat tydens die navorsing na vore kom (Fouché, 2005:117 & 118).

5.1 LITERATUURSTUDIE

Neuman (2000:446) noem dat die doel van die literatuurstudie is om te demonstreer dat die navorser vertrou is met inligting ten opsigte van die voornemende studie ten einde kredietwaardigheid te verkry, die weg te baan met vorige kennis en om te integreer en op te som wat bekend is in die navorsingsveld ten einde van ander te leer terwyl nuwe idees op die voorgrond tree.

Die navorser het die implementering van kinderdeelname deur maatskaplike werkers ingevolge Artikel 10 van die Kinderwet, wet 38 van 2005, ondersoek. Die literatuurstudie is aangewend om die relevansie van die ondersoek te beklemtoon. Beperkte bronne was beskikbaar tydens die samestelling van die navorsingsvoorlegging. Die navorser het meestal gebruik gemaak van oorsese boeke, vaktydskrifte, en 'n gebrek aan inligting oor kinderdeelname, binne die Suid-Afrikaanse konteks, was deurgaans opvallend.

Die Ferdinand Postma Biblioteek van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) is hoofsaaklik as hulpbron benut om literatuur en inligting te bekom. Verskeie artikels wat in vaktydskrifte gepubliseer is, is bestudeer. Navorsings-publikasies, boeke en tydskrifte is geraadpleeg. Databasisse wat geraadpleeg is, is Social Work Abstracts, Social Science Abstracts, EBSCHO HOST WEB, NEXUS, Repertorium van Suid-Afrikaanse tydskrifartikels en SABINET.

5.2 EMPIRIESE ONDERSOEK

Empiriese ondersoek verwys na prosedures wat gevolg is om die nodige inligting in te samel. Die navorsing is kwantitatief benader met die oog op die verantwoordelikheid van die maatskaplike werker tydens die implementering van kinderdeelname, ingevolge Artikel 10 van die Kinderwet, wet 38 van 2005. Vervolgens word die navorsingsontwerp, deelnemers, meetinstrumente, navorsingsprosedures, dataverwerking en etiese oorwegings bespreek.

5.2.1 DIE NAVORSINGSONTWERP

Die navorser het gebruik gemaak van die kwalitatiewe navorsingsbenadering. Volgens Fouché en De Vos (2005:102-103) sluit 'n kwalitatiewe studie, individue in hul natuurlike omgewing, in. Dit vereis die insamel van vele bronne tydens data-insameling en analise oor 'n langer tydsbestek, en die navorser self is by die studie betrokke. Kwalitatiewe studies lei die navorser tot interpretasies om die onvoorspelbare te ontdek, en dit word as 'n interpreterende benadering beskou.

5.2.2 DEELNEMERS

Doelgerigte steekproefneming behels dat 'n steekproef na die oordeel van die ondersoeker saamgestel word (Strydom, 2011b:392). Vir doeleindes van die studie is daar gebruik gemaak van teiken-steekproefneming (Maree, 2007:79). Dit behels dat deelnemers van individuele onderhoude en fokusgroepe spesifiek geselekteer word op grond van hul werksaamhede op die terrein van kinderdeelname met die oog op verteenwoordiging van die volgende werkerterreine in maatskaplike werk in die Wes-Kaap. Vir doeleindes van die studie het die navorser gebruik gemaak van twee groepe deelnemers.

Daar is eerstens individuele onderhoudsgevoer met vyf deelnemers. Die samestelling van hierdie groep deelnemers was soos volg: Twee van die deelnemers is werksaam as gesinsraadgewers by die kantore van die gesinsadvokaat. Twee ander deelnemers is maatskaplike werkers in privaat praktyk, met spesialisasie in egskeidingsmediasie en spelterapeutiese intervensie onderskeidelik. Een van die deelnemers is 'n bestuurder van statutêre maatskaplike dienslewering.

Na die afhandeling van die individuele onderhoudvoering is twee fokusgroepbesprekings deur die navorser onderneem. Die eerste fokusgroep het bestaan uit vier deelnemers: Twee van die deelnemers is werksaam binne kinderhuisverband. Een van die deelnemers is die bestuurder van maatskaplike dienste en koördineer alternatiewe versorgingsprogramme. Die vierde deelnemer is 'n maatskaplike werker by 'n nie-regeringsorganisasie wat hoofsaaklik verantwoordelik is vir statutêre dienslewering.

Die tweede fokusgroep het bestaan uit vyf deelnemers: Twee van die deelnemers is werksaam by nie-regeringsorganisasies en is hoofsaaklik verantwoordelik vir statutêre dienslewering. Twee van die deelnemers is maatskaplike werkers in privaat praktyk, een met spesialisasie in regspraak en forensiese maatskaplike werk en die ander met spesialisering in spelterapeutiese intervensie met kinders. Een van die deelnemers is werksaam by Departement Maatskaplike Ontwikkeling en lewer hoofsaaklik statutêre dienste.

Toepaslike inligting oor die implementering van kinderdeelname is verkry deur middel van indringende onderhoudvoering sowel as fokusgroepbesprekings om sodoende die verantwoordelikheid van die maatskaplike werker te bepaal. Tydens onderhoudvoering het die navorser gebruik gemaak van 'n selfopgestelde onderhoudskedule, wat rigting gegee het aan die onderhoud.

Morgan in De Vos (2011:361) definieer fokusgroepe as 'n navorsingstegniek aan die hand waarvan inligting deur middel van groepinteraksie ingesamel word oor 'n bepaalde onderwerp, soos deur die navorser geïdentifiseer. Die doel van fokusgroepe is om selfonthulling onder deelnemers aan te moedig ten einde vertrouwd te raak met wat mense werklik dink en voel.

5.2.3 MEETINSTRUMENTE

Die navorser het aanvanklik van indringende gesprekvoering gebruik gemaak om die huidige konteks van die implementering van kinderdeelname in verskillende werkterreine te verkry. Indringende gesprekvoering verwys na herhaalde een-tot-een gebeurtenisse waartydens daar gepoog word om deelnemers se perspektiewe, ervarings en situasies te verstaan (Kumar, 2005:124).

'n Semi-gestruktureerde onderhoudskedule is aangewend tydens gesprekvoering met vyf individuele maatskaplike werkers. Na afloop van die individuele onderhoude is twee fokusgroepbesprekings gedurende fase twee van die studie onderneem. Hiertydens het die navorser ook gebruik gemaak van die semi-gestruktureerde onderhoudskedule.

5.2.4 NAVORSINGSPROSEDURES

Deelnemers is telefonies of per epos gewerf en in gevalle waar dit van toepassing was, is die nodige goedkeuring vir deelname van werkgewers bekom, in die gevalle waar dit van toepassing was. Deelnemers het die geleentheid gekry om hul gevoelens, menings, persepsies en ervarings van die afgebakende probleem (implementering van kinderdeelname) tydens die semi-gestruktureerde onderhoud te deel (Alston & Bowles, 2003:116).

In hierdie studie is daar gebruik gemaak van indringende gesprekvoering en fokusgroepe as metodes van data-insameling. Fokusgroepe is geselekteer as die hoofmetode van data-insameling. Tydens die eerste fase van data-insameling is die doel van die navorsing aanvanklik met individuele deelnemers bespreek, waarna sleutelvrae ten opsigte van die navorsing aan hulle voorgehou is. Tydens individuele onderhoude het die navorser 'n selfontwerpte, semi-gestruktureerde onderhoudskedule (Maree, 2007:87) aan die deelnemers voorgehou:

- Wat is die doel en noodsaaklikheid van kinderdeelname?
- Artikel 10 verwys na kinders se ouderdom, volwassenheid en ontwikkelingsvlak wat in ag geneem moet word ten einde te bepaal of kinders kan deelneem al dan nie. Dit in ag genome, hoe word die deelname van kinders deur u bepaal?

- Watter metodes en tegnieke word gebruik om die kind se insette/deelname te verkry?
- Wat is die verantwoordelikheid van maatskaplike werkers tydens die implementering van Artikel 10 van die Kinderwet, wet 38 van 2005?
- Watter faktore beïnvloed die implementering van kinderdeelname?

Onderhoudvoering het by die praktyk waar die navorser werksaam is, geskied en het ongeveer een uur elk geduur. Die navorser het verder toestemming by die deelnemers verkry om die data deur middel van 'n diktafoon op band vas te lê en het ook van veldnotas gebruik gemaak.

Na die afhandeling van individuele onderhoude het die navorser oorgegaan tot fase twee van die data-insameling deur twee fokusgroepbesprekings te onderneem. Die navorser het tydens die aanvang van die groepbespreking die doel van die navorsing met deelnemers bespreek, waarna die selfopgestelde onderhoudskedule aangewend is om die groepbespreking te lei. Groepwerktegnieke soos opsomming, skakeling, vraagstelling, individualisering en oogkontak is aangewend om die fokusgroepbesprekings te fasiliteer (Corey, Corey & Corey, 2010:107-125).

5.2.5 DATAVERWERKING

Dataverwerking word volgens D'Cruz en Jones (2004:136) omskryf as die proses waartydens daar gepoog word om sin te maak uit inligting wat verkry is en wek deur die aanwending van verskillende metodes. Die navorser het inligting wat tydens individuele onderhoude en fokusgroepbesprekings verkry is, in temas en sub-temas geanaliseer deur van 'n koderingsstelsel volgens die voorgestelde raamwerk van Tesch (in Creswell, 2009:186) gebruik te maak:

- Die navorser het 'n geheelbeeld verkry van sowel die individuele onderhoude as die fokusgroepbesprekings deur alle transkripsies noulettend deur te lees en idees wat te voorskyn getree het, neer te skryf.
- Die eerste transkripsie is dan geselekteer en weer deurgelees, waarna die navorser haar afgevra het, "Waaroor gaan dit hier?" Die fokus was veral op inligting wat beskikbaar was. Idees is in die kantlyn geskryf.
- Daarna is die ander transkripsies weer op dieselfde wyse deurgelees, waarna 'n lys saamgestel is van al die temas wat in die kantlyn aangedui is.

Soortgelyke temas is in kolomme wat uit temas en sub-temas bestaan, gegroepeer.

- Die lys temas en sub-temas is daarna met die transkripsies vergelyk. Kodes is volgens spesifieke segmente in die teks aan temas en sub-temas toegewys. Tydens hierdie fase is daar ook gelet op nuwe/versteekte temas.
- Die mees beskrywende bewoording vir temas is gekies en in kategorieë ingedeel. Soortgelyke temas het sub-temas onder relevante kategorieë gevorm. 'n Finale besluit kon geneem word rakende kategorieë wat ingesluit sou word.
- Ooreenstemmende inligting is uiteindelik in kategorieë geplaas ten einde temas en sub-temas te beklemtoon.

Die sintese van hierdie data is dan aan die hand van die paradigmatische perspektief met literatuur gekontroleer. Alhoewel dit stapsgewys deur die outeur beskryf word, is daar geen vasgestelde liniêre volgorde waarin hierdie stappe uitgevoer behoort te word nie en kan dit selfs met tye oorvleuel.

5.2.6 ETIESE ASPEKTE

Etiese goedkeuring is van die Noordwes-Universiteit se Etiekkomitee verkry. Die projeknommer NWU-00027-09-S1, is aan die navorsing toegeken.

Etiese aspekte word volgens Strydom (2011a:114) omskryf as 'n wye verskeidenheid aanvaarbare beginsels en reëls om korrekte optrede tydens navorsing te verseker. Vervolgens word relevante etiese aspekte bespreek wat tydens die uitvoering van die navorsing van belang was:

- **Ingeligte toestemming**

Deelnemers is volledig oor die aard, omvang en doel van die studie ingelig. Deelname het op 'n vrywillige basis geskied en deelnemers was vry om hulle enige tydstip tydens die studie daaraan te onttrek. Deelnemers is skriftelik ingelig dat oudioband-opnames tydens onderhoude gemaak sal word (Addendum 1) (Strydom, 2011a:117-118).

- **Potensiële skade aan deelnemers**

Die navorser was daarvan bewus dat deelnemers moontlik ongemak tydens die blootlegging van hul werksaamhede kon ervaar. Die navorser het deelnemers se werkswyses en metodes te alle tye gerespekteer. Sy het te alle tye sensitief en professioneel opgetree ten einde te voorkom dat deelnemers ongemak ervaar (Strydom, 2011a:115-116).

- **Vertroulikheid**

Vertroulikheid tydens die studie is bevorder deur aan die deelnemers die keuse te stel om anoniem te bly. Identifiserende besonderhede is weggelaat. Ingesamelde data is omsigtig en met die nodige vertroulikheid hanteer (Strydom, 2011a:119-120).

- **Bevoegdheid van die navorser**

Die semi-gestruktureerde onderhoudskedule is deeglik beplan. Die navorser het deeglik voorberei voor elke bespreking. Deelnemers is ook die geleentheid gegun om voorbereiding te doen deurdat die onderhoudskedule vooraf aan hulle beskikbaar gestel is (Strydom, 2011a:123-124).

- **Voorkoming van misleiding**

Tydens die werwing van deelnemers het die navorser deelnemers vooruit skriftelik ingelig oor die doel van die studie. Tydens die aanvang van individuele onderhoudvoering sowel as die fokusgroepbesprekings het die navorser weer die doel van die navorsing bespreek ten einde misleiding te voorkom (Strydom, 2011a: 118-119).

6. OMSKRYWING VAN BEGRIPPE

6.1 MAATSKAPLIKE WERKER

Die Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk (1995:40) definieer 'n maatskaplike werker as 'n geregistreerde persoon wat aan die vereistes van die Suid-Afrikaanse Wet op Maatskaplike Werk, Wet 110 van 1978 (Suid-Afrika, 1978), voldoen en gemagtig is om professionele diens van maatskaplike funksionering te lewer.

Literatuur oor die mees toepaslike definisie en rol van 'n maatskaplike werker word in Compton en Galaway (1989: 7-8) bespreek. Sommige outeurs is van mening dat die maatskaplike werker 'n professioneel opgeleide persoon is wat in die

gesondheidswetenskappe primêr fokus op individuele verandering, terwyl ander outeurs weer die mening ondersteun dat die primêre fokus op individuele omgewingsveranderinge val. Die ware fokus is op die interaksie tussen die twee polariteite, naamlik individuele veranderinge teenoor individuele omgewingsveranderinge en 'n verandering in die situasie oor die kwessie waarmee die persoon in interaksie verkeer (Compton & Galaway, 1989:8).

Vir die doel van hierdie studie verwys die term *maatskaplike werker* spesifiek na maatskaplike werkers wat betrokke is by die implementering van kinderdeelname, soos omskryf in Artikel 10 van die Kinderwet, wet 38 van 2005.

6.2 KINDERDEELNAME

Stephenson *et al.* (2004:7) definieer kinderdeelname as “*children influencing issues affecting their lives, by speaking out or taking action in partnership with adults*”. Kinderdeelname word beskou as 'n proses, wat die sterktes en die vermoëns van kinders erken om 'n bydrae te lewer en te deel in besluite wat hul lewens en die gemeenskappe waarin hulle leef, beïnvloed (The Canadian Mental Health Association, 1995:3).

Sinclair (2004:108-111) beklemtoon dat kinderdeelname multidimensioneel van aard is, en dat dit slegs verstaan kan word deur te let op die deelnamevlak, die fokus van besluitneming, die aard van die aktiwiteit sowel as die kinders wat daarby betrek word. Die doel van kinderdeelname behoort uiteindelik te wees om kinders in staat te stel daartoe om besluitneming te beïnvloed en om verandering teweeg te bring. Vir die doeleindes van hierdie studie word spesifiek gelet op die implementering van kinderdeelname tydens maatskaplikewerk-dienslewering.

6.3 ARTIKEL 10 VAN DIE KINDERWET, WET 38 VAN 2005

Artikel 10 van die Kinderwet, wet 38 van 2005, bepaal dat elke kind van sodanige ouderdom, volwassenheid en fase van ontwikkeling dat hy of sy instaat is om deel te neem aan enige aangeleentheid betreffende daardie kind. So 'n kind het ook die reg om op enige gepaste wyse aan die verrigtinge deel te neem, en behoorlike oorweging moet gegee word aan sienswyses wat deur die kind uitgespreek word.

Viviers (2010:59) is van mening dat die Kinderwet, wet 38 van 2005, tot dusver in Suid-Afrika die mees substansiële voorsiening maak vir kinderdeelname. Onlangse ontwikkeling in plaaslike wetgewing dien as bewys van verhoogde bewustheid en kennisname van die belangrikheid van die kind se siening, insae en deelname.

Slegs die *Children's Act, act 38 van 2005*, is op 28 Junie 2007 deur die Staatspresident onderteken. Hoewel nie onderteken nie, is genoemde Wet ook in Afrikaans en Xhosa beskikbaar gestel. Vir doeleindes van die navorsing en aanhaling in hierdie artikel verwys die navorser deurlopend na die Kinderwet, wet 38 van 2005.

7. BESPREKING VAN KWALITATIEWE DATA

Tydens die empiriese ondersoek was daar twee groepe vir data-insameling. Fase 1 was persoonlike onderhoude met vyf deelnemers. Tydens Fase 2 het die navorser twee fokusgroepbesprekings onderneem wat onderskeidelik uit vier en vyf deelnemers bestaan het ten einde ingesamelde inligting te verifieer. Die navorser het uiteindelik die persepsies en subtiële beskrywings van verskeie deelnemers se subjektiewe ervarings ingesamel.

Die navorser het tydens onderhoudvoering gepoog om die verantwoordelikheid van die maatskaplike werker ten opsigte van die implementering van kinderdeelname, soos omskryf in Artikel 10 van die Kinderwet, wet 38 van 2005, te verken. Vervolgens word elke tema en, indien van toepassing, subtemas bespreek. Hierdie bespreking sal aan die hand van verwysings na deelnemers se verbatim-response en 'n relevante literatuurkontrole plaasvind.

Die volgende vraag is eerstens gestel om die waarde van die implementering van kinderdeelname te bepaal: *Wat is die doel van en die noodsaaklikheid vir kinderdeelname?*

Die response van respondente word vervolgens bespreek volgens die hooftema en drie opvolgende sub-temas.

7.1

Tema 1: Die waarde van die implementering van kinderdeelname

Dit was duidelik dat respondente kinderdeelname as waardevol ag en dit noodsaaklik vind om na kinders te luister, aangesien belangrike insette van kinders verkry word.

Subtema 1: Individuele behoeftes van kinders word bekendgemaak (uitgespreek)

Twee van die deelnemers het aangedui dat maatskaplike werkers bewus is daarvan dat unieke en eerstehandse inligting van kinders verkry word en dat individuele behoeftes van kinders deur deelname bekendgemaak (uitgespreek) word. Die response hierop was soos volg:

“Kinderdeelname help om te onderskei tussen die kind se behoefte en die volwassene se motief.”

“So kry elke kind die geleentheid om individueel deel te neem en behoeftes bekend te maak.”

Uit die respondente se response blyk dit duidelik dat maatskaplike werkers dit noodsaaklik ag om kinders aan besluitneming te laat deelneem. Outeurs soos McIntosh, Wells, Smyth en Long (2008:122) en Sinclair (2004:108) wys daarop dat die insluiting van die kind lei tot meer sensitiewe en ouderdomtoepaslike besluite waarmee ouers sowel as kinders tevrede is. Kinders beleef ook tydens kinderdeelname dat hulle gehoor en geken word (Melton, 1999:939).

Dit blyk veral dat maatskaplike werkers deur die implementering van kinderdeelname in staat gestel word om vertrouwd te raak met kinders se individuele behoeftes en sienings. Smart, Neale en Wade (2001:156) beklemtoon die etiese en praktiese noodsaaklikheid daarvan om na die kind te luister en sy standpunte in ag te neem. Verskille tussen kinders en volwassenes se standpunte word aangedui.

Probleme wat deur kinders ervaar word, kan tydens kinderdeelname geïdentifiseer word, wat kan tot verwysing vir terapeutiese intervensie lei. Kinderdeelname kan ook ouers in staat stel daartoe om sensitief te wees vir die kind se ontwikkelingsbehoefte (Stahl, 2011:5).

Subtema 2: Kinders lewer insae ter bepaling van hul beste belang

Hoewel die respondente aandui dat alle besluitneming tydens assessering hoofsaaklik gerig word deur die bepaling van die kind se belang, beklemtoon hulle dat die insluiting van die kind noodsaaklik is. Die response van vyf respondente was soos volg:

“ kind se deelname kan soms suksesvol aangewend word vir probleemoplossing en versoening binne gesinsverband”

“ kinders bied waardevolle insette ten opsigte van situasies”

“ons kan nie net besluite namens kinders maak nie”

“kan nie die beste belang van die kind bepaal indien die kind nie deel is van die proses nie.”

“kinders is ons belangrikste kliënte; ons kan nie hulle insette ignoreer nie”

Boezaart (2009:225) en Africa et al. (2003:122) beklemtoon dat die bestebelang-beginsel uiters noodsaaklik geag word in elke saak wat die kind raak. Dit word beskou as die goue draad wat alle sake waarby kinders betrokke is, met mekaar verbind.

Burman et al. (2003:5) se opvatting is egter dat kinders hul deelname ten opsigte van die bepaling van hul beste belang as onnatuurlik en nadelig beleef, selfs in gevalle waar professionele persone veronderstel is om vir die kinders en hul verteenwoordiging beskikbaar te wees. In hierdie verband beklemtoon Stahl (2011:95) egter dat hy dit noodsaaklik ag om aan kinders te verduidelik dat daar 'n onderskeid is in wat 'n mens wil hê en wat in jou beste belang is. Die outeur poog om dit op 'n ouderdomtoepaslike wyse aan kinders te kommunikeer. Die probleem kom egter in dat nie alle professionele persone in die praktyk dieselfde sienswyse handhaaf nie. Die gevolg hiervan is dat kinders in die praktyk dit mag ervaar dat hulle stem nie gehoor word nie.

Kinders kan belangrike insette lewer ten opsigte van die keuses wat namens hulle gemaak word, en hulle kan selfs die wyse waarop hierdie besluite geneem word, verander (Warshak, 2003:374).

Sommige evalueerders is van mening dat kinders se woorde altyd hul ware gevoelens en denke weerspieël en dat dit die slotsom van kinders se denke en

gevoelens is ten opsigte van die bekendmaking van hul ware beste belang. Warshak (2003:374) beklemtoon egter dat die basiese slag is dat dit wat kinders kommunikeer, met hulle beste belang verwar word.

Alhoewel daar altyd behoorlike oorweging aan kinders se wense geskenk moet word, beklemtoon Wallerstein en Kelly (1980:314-315) dat kinders, voor die aanvang van adolessensie, nie beskou kan word as betroubare beoordelaars van die bepaling van hul beste belang nie, aangesien hulle houding tydens die krisis gepaard kan gaan met ongewone gevoelens en neigings.

Subtema 3: Voordele vir kinders

Vier van die deelnemers het beklemtoon dat kinderdeelname spesifieke voordele vir kinders inhou. Die response hierop was soos volg:

“Bevorder die kind se selfbeeld aangesien hulle voel dat hulle geag word as iemand belangrik in die proses.”

“Kinders voel dat hulle deelneem aan besluitneming.”

“Kinders beleef dat hulle ’n mate van beheer het oor wat gaan gebeur.”

“Kinders verstaan beter indien hulle insae gehad het.”

Deur die implementering van kinderdeelname word die kind se reg op basiese waarde en deelname in die samelewing erken, asook sy ontwikkelingsbehoefte en die impak daarvan op sy selfbeeld en psigologiese funksionering, en die positiewe impak daarvan op sy selfbeeld (Boshier & Steel-Baker, 2007:549). Die navorser kan beklemtoon dat kinders hulleself as waardevol ervaar en dat hulle as individue gerespekteer word indien die geleentheid vir deelname aan hulle gebied word. Die doel van kinderdeelname behoort uiteindelik te wees om kinders te bemagtig in ’n wêreld waar hulle relatief magteloos is, vergeleke met volwassenes.

Boezaart (2009:128) beklemtoon dat kinderdeelname direkte voordele vir kinders inhou. Dit verminder hul stres en dra daartoe by dat hulle effense beheer verkry tydens situasies waarin hulle voel dat hulle nie beheer oor hul lewens het nie. Sodoende word kinders in staat gestel daartoe om die nodige emosionele aanpassings te maak ten einde by die veranderings in hul lewens aan te pas.

Uit bogenoemde was dit duidelik dat kinderdeelname as waardevol beskou word en dat daar ’n algemene gewilligheid by deelnemers is om kinders wel te laat deelneem,

aangesien dit gepaard gaan met beduidende voordele vir kinders. Die navorser is van mening dat kinderdeelname aan kinders die geleentheid bied om belangrike lewensvaardighede aan te leer, aangesien dit hulle vermoë om verskillende uitdagings te hanteer bevorder.

Nadat daar gelet is op die waarde van kinderdeelname het die navorser gepoog om te let op die individuele implementering van die kind se reg op deelname soos dit deur maatskaplike werkers bepaal word. Die volgende vraag is vir die onderhoudskedule geformuleer:

Artikel 10 verwys na kinders se ouderdom, volwassenheid en ontwikkelingsvlak wat in ag geneem moet word ten einde te bepaal of kinders kan deelneem of nie. Dit in ag genome: Hoe word die deelname van kinders deur u bepaal?

Die response van deelnemers word vervolgens bespreek volgens die hooftema en twee opvolgende sub-temas:

7.2 Tema 2: Inagneming van ouderdom, ontwikkelingsvlak en volwassenheid

Uit die response van deelnemers was dit duidelik dat die praktiese implementering van kinderdeelname verskillend deur individuele maatskaplike werker, volgens die vermoëns en behoeftes van kinders toegepas word

Subtema 1: Oordeel van die maatskaplike werker

Respondente dui aan dat Artikel 10 van die Kinderwet, wet 38 van 2005, nie 'n voorgestelde riglyn bied in terme van die deelname van kinders nie. Uit die response van ses van die deelnemers, was dit duidelik dat die kind se reg op deelname aan die individuele maatskaplike werkers oorgelaat word om daarvoor te oordeel. Die response hierop was soos volg:

“Maatskaplike werkers gebruik eie intuïsie om te bepaal of die kind in staat is om wel deel te neem.”

“Dit word oorgelaat aan die deskundige se oordeel. Ek betrek persoonlik alle kinders by deelname.”

“Dit is eintlik baie moeilik, want wat is die ouderdom waar jy kan sê, okay die kind is oud genoeg om besluite te neem. So jy gebruik maar half jou eie inisiatief.”

“Nul tot tweejarige kinders word meestal nie deel gemaak van die proses van kinderdeelname nie.”

“Dit is baie moeilik om kinders onder die ouderdom van vier jaar te betrek by kinderdeelname.”

Percy-Smith en Thomas (2009:26-27) noem dat kinderdeelname dikwels gedefinieer word in terme van die rol wat volwassenes aan die kind toeken, soos dat kinders nie aan besluitneming kan deelneem of tot die samelewing kan bydra nie, tensy hulle formeel betrek word deur projekte wat deur volwassenes geïnisieer is. Dit ondermyn uiteindelik kinders se vermoë deurdat hulle beskou word as minderwaardig, terwyl hulle wel bevoeg is en tot deelname in staat is.

In hierdie verband meld Greene en Hogan (2005:3) dat volwassenes wat waarde heg aan die kind se sienswyse en wat poog om hul ervarings te verstaan, gemotiveerd is om meer inligting te bekom oor kinders se verstaan, interpretasie, onderhandeling en gevoelens van hul daaglikse lewens. Kinders se lewens word 'n sentrale belangstelling indien professionele persone hul sienswyses as persone aanvaar.

Subtema 2: Fokus is op ontwikkeling eerder as ouderdom

Tydens onderhoudvoering was dit duidelik dat sewe van die respondente aangedui het dat maatskaplike werkers eerder op die individu se ontwikkeling en volwassenheid fokus as om slegs op die ouderdom van die kind te let wanneer daar oor die kind se reg op deelname besluit word. Die response hierop was soos volg:

“Kan nie net fokus op die ouderdom van die kind wanneer daar besluit word oor kinderdeelname nie. Neem ook die ontwikkelingsfase van die kind in ag. Die besluitnemingsvaardighede en emosionele rytheid van elke kind word ook in ag geneem.”

“Kan nie net let op die ouderdom van die kind, die kind se ontwikkeling moet ook in ag geneem word. Daar behoort gefokus te word op elementêre kommunikasie met die kind.”

“Die kind se ontwikkelingsvlak moet in ag geneem te word. Beperkte vermoëns van kinders veroorsaak gebrekkige insig.”

Uit bogenoemde blyk dit dat kinders oor veel meer bevoegdhede beskik as wat vroeër geglo is. Dit impliseer dat hoewel veral jong kinders gebeurde anders as volwassenes konseptualiseer, hulle verbasende hoeveelhede inligting kan verstrek oor gebeurde wat vir hulle betekenis inhou. Sensitiewe ouderdomsrelevante onderhoudsprosedures is veral belangrik om die sterktes van die kind te konseptualiseer en hulle swakhede te minimaliseer (Louw, 2004:12-13). Irving en Benjamin (2002:228) is van mening dat kinders, ten spyte van hul ouderdom, skerp waarnemers is van hul gesinslewe en heelwat nuttige inligting kan verstrek.

Maatskaplike werkers behoort moeite te doen om die onderhoud by die kind se ontwikkelingsvlak aan te pas en kinders se response vanuit 'n ontwikkelingsperspektief te interpreteer. Sensitiewe ten opsigte van ontwikkeling sal verseker dat ouderdomtoepaslike prosedures gevolg word om die akkuraatheid van kinders se verklarings te verseker (Saywitz & Camparo, 1998:826).

Nadat die individuele implementering van kinderdeelname deur deelnemers verkry is, het die navorser gelet op die praktiese implementering van kinderdeelname. Die volgende vraag is aan die deelnemers gestel:

Watter metodes en tegnieke word gebruik om die kind se insette/deelname te verkry? Dit word vervolgens bespreek volgens die hooftema en drie daaropvolgende sub-temas:

7.3 Tema 3: Die individuele implementering van kinderdeelname

Uit die response van deelnemers was dit duidelik dat hulle die implementering van kinderdeelname verskillend hanteer volgens die unieke behoeftes van die kind, beskikbare hulpbronne sowel as die opleiding en vaardighede van die maatskaplike werker.

Subtema 1: Individuele onderhoudvoering

Ses van die deelnemers het aangedui dat kinders betrek word by individuele onderhoudvoering tydens die implementering van kinderdeelname. Die response hierop was soos volg:

“Individuele konsultasies met kinders”

“Ek voer onderhoude met elke kind”

“Dit is noodsaaklik dat die kind alleen gesien moet word”

“Ek toets gewoonlik vir deelname deur elementêr met kinders te kommunikeer.”

“Ek betrek kinders hoofsaaklik by individuele gesprekvoering.”

Webb (2011:173) beklemtoon dat individuele konsultasies met kinders aan die maatskaplike werker die geleentheid bied om die kind op 'n ander manier te leer ken wat nie moontlik is indien die kind slegs in die teenwoordigheid van die ouers in die onderhoudsituasie verkeer nie. Massengale (2007:2) meld ook dat 'n groot aantal kinders tot betekenisvolle deelname in staat is. Die outeur beklemtoon egter dat dit onrealisties is om te verwag dat die kind inligting op 'n volwasse wyse moet deel indien hul kognitiewe ontwikkeling en taalvermoë nie toepaslik ontwikkel is nie. Die verantwoordelikheid behoort te berus by die professionele persoon om inligting te verkry.

Indien daar gelet word op die kinders se vermoëns, is dit noodsaaklik om in ag te neem dat kinders se vermoëns nie noodwendig beperk is nie, maar dat hul vermoëns slegs verskil van dié van volwassenes. Maatskaplike werkers behoort uiteindelik in staat te wees daartoe om die kompleksiteit van kinderdeelname te hanteer, eerder as om slegs op die beperkte vermoëns van kinders om met volwassenes te kommunikeer te let.

Müller (2003:5) beklemtoon dat volwassenes dikwels aanvaar dat kinders taal op dieselfde wyse aanwend as volwassenes, en uiteindelik die kind se kommunikasie interpreteer as die van 'n volwassene. Barratt in Burman (2003:156) dui aan dat onderhoude wat met kinders gevoer word, meestal te bondig en oppervlakkig is om werklik die geleentheid aan die kind te bied om deel te neem. Stahl (2011:99) meld groot verskille tussen die taal wat volwassenes en kinders verstaan. Hy beklemtoon dat ouderdomtoepaslike vrae en stellings aan kinders gestel moet word indien daar gepoog word om hulle te verstaan.

Uit die navorsing se praktykondervinding kan bevestig word dat dit uiters noodsaaklik is om op 'n kinder-vriendelike wyse te kommunikeer ten einde te verseker dat die kind werklik toegang het tot inligting wat tydens kinderdeelname bespreek en verkry word. Die aanwending van taal kan 'n groot struikelblok wees en kan uiteindelik

daartoe lei dat maatskaplike werkers nie in staat is daartoe om kinders suksesvol by deelname te betrek nie.

Subtema 2: Aanwending van hulpmiddele

Ses van die deelnemers het aangedui dat hulle hulpmiddele aanwend tydens die implementering van kinderdeelname.

Die response hierop was soos volg:

“Aangesien die kind dikwels nie kan onderskei tussen sy eie behoefte en die dreigement/beïnvloeding deur ’n volwassene nie is dit noodsaaklik dit ander tegnieke aangewend word en dat daar nie net gesteun word op die verbale onderhoud met die kind nie.”

“Verskillende hulpmiddels word aangewend om te toets of deurlopende temas en inligting van die kind verkry word”

“Ek maak gebruik van ’n gestruktureerde proses van hulpmiddels, projektiewe tegnieke en basiese vrae om die emosionele en maatskaplike belewenisse van kinders deurlopend te toets.”

“Hulpmiddels vergemaklik gesprekvoering en verseker dat kinders minder bedreig voel en makliker deelneem.”

“Dit help om projektiewe tegnieke met jonger kinders te gebruik.”

“Maak gebruik van poppe om die kind besig te hou tydens onderhoudvoering”

Aangesien kinders oor beperkte verbale vermoëns beskik, kan daar nie van die kind verwag word dat hulle by die volwasse styl van verbale kommunikasie moet aanpas nie. Dus moet die maatskaplike werker die kind op sy nieverbale kommunikasievlak verstaan. Spel kan uiteindelik beskou word as die kind se werk, dus impliseer dit dat dit die maatskaplike werker se werk is om deur die aanwending van spel met die kind te kommunikeer (Webb, 2011:149).

Indien die maatskaplike werker die kind tydens spel aanmoedig, en dit by hom tuisgebring word dat sy deur middel van spel en kommunikasie sal help, word dit aan die kind duidelik gemaak dat dit nie van hom verwag word om op die volwassene se verbale manier te kommunikeer nie (Webb, 2011:173). Ten einde in staat te wees daartoe om suksesvol kontak te maak met kinders, moet maatskaplike werkers

vertroude wees met die beginsels van kinderontwikkeling. Sodoende kan deelnamemetodes gekies word wat ouderdomtoepaslik is, in ag genome die ontwikkelingsfase en behoeftes van kinders tydens verskillende ouderdomme en individuele situasies.

Subtema 3: Betrek kinders by konsultasies met volwassenes

Drie van die deelnemers het ook aangedui dat kinders dikwels tydens konsultasies met volwassenes betrek word. Die response hierop was soos volg:

“Kinders vorm deel van gesinskonferensies.”

“Maak kinders deel van terugvoering na mediasie.”

“Maak kinders deel van gesinskonferensies waar besluite geneem word oor die kind se beste belang.”

Boezaart (2009:127) noem dat gesamentlike onderhoude tussen ouers en kinders noodsaaklik is in situasies waarin die ouer se teenwoordigheid en aanmoediging nodig word. Webb (2011:125) beklemtoon ook in hierdie verband dat dit in sekere omstandighede toepaslik is om die kind saam met die ouers by die onderhoud te hê. In hierdie verband is dit egter noodsaaklik om te beklemtoon dat meer as een geleentheid vir kinders geskep moet word om ook individueel te kan deelneem, aangesien volwasse persone wel ’n invloed op die deelname van kinders kan hê. In ’n geval waar ouers tydens deelname teenwoordig is, is dit noodsaaklik om te bepaal of dieselfde inligting van kinders verkry word sonder die ouers se teenwoordig.

Nadat dit duidelik tydens onderhoudvoering na vore gekom het dat maatskaplike werkers verskillende metodes aanwend om kinders te laat deelneem was dit ook noodsaaklik om die volgende vraag te stel:

“Wat is die verantwoordelikheid van die maatskaplike werker ten opsigte van die implementering van Artikel 10 van die Kinderwet, wet 38 van 2005?”

Die response van deelnemers word vervolgens bespreek ooreenkomstig die hooftema en twee daaropvolgende sub-temas.

Uit die response van deelnemers was dit duidelik dat dit hul mening is dat maatskaplike werkers tydens hul bemoeienis met sake waarby kinders betrokke is, hoofsaaklik verantwoordelik is vir die implementering van kinderdeelname, soos omskryf in Artikel 10 van die Kinderwet, wet 38 van 2005.

Hoewel sekere van die respondente hulle tot kinderdeelname verbind en geïnteresseerd is daarin om na kinders te luister, was dit ook duidelik dat ander respondente geheel en al oorweldig is deur die verantwoordelikhede wat met kinderdeelname gepaard gaan.

Subtema 1: Maatskaplike Werkers se toegerustheid om die kind te laat deel neem

Sewe van die respondente het die noodsaaklikheid van spesifieke kennis en vaardighede beklemtoon, ten einde die kind in staat te stel daartoe om op gepaste wyse deel te neem. Die volgende response is hierop verkry:

“Maatskaplike werkers moet spesifieke kennis besit oor die ontwikkelingsfase van kinders.”

“Opleiding van maatskaplike werkers is uiters noodsaaklik”

“Alle Maatskaplike werkers het ’n verantwoordelikheid om hulle ekstra te bekwaam sodat hulle in staat is om op die vlak van die kind toe te tree.”

“Die maatskaplike werker moet opgelei wees om met kinders te kan werk. Mens kry dit nie in ’n vierjaar-graad nie.”

“Maatskaplike werkers het die verantwoordelikheid om entoesiasies te bly oor die beroep en moet deurlopend in hulself investeer.”

“Vandat ek hier werk sukkel ek om hulle te oortuig dat ek spesiale opleiding benodig in die assessering van kinders.”

“Jy kan nie ’n kind laat deelneem as jy ’n grootmens bly nie. Jy moet op die vloer kan gaan en in staat wees om op die kind se vlak te kommunikeer, dan sal hy jou vertrou en sê wat op sy hart is. Jy kan nie in jou deftige pakkie kom en met die kind gesels nie. Dis intimiderend.”

Hoewel dit duidelik is dat deelnemers dit noodsaaklik ag om oor spesifieke kennis en vaardighede te beskik ten einde in staat te wees daartoe om kinders te laat deelneem was dit duidelik dat sekere respondente 'n algemene gebrek aan kennis en vaardighede beleef ten opsigte van betekenisvolle kinderdeelname.

Dit is selfs van meer kritieke belang om ouderdomtoepaslik met kinders te kommunikeer indien daar gepoog word om die kind se perspektief te verkry ten opsigte van moontlike fisiese misbruik, alkohol- en dwelmmisbruik, psigiese ongesteldheid of seksuele misbruik (Stahl, 2011:99). Hoewel 'n toepaslike hofomgewing en kindervriendelike prosedures belangrike doelstellings ter bevordering van kinderdeelname is, is dit ewe noodsaaklik dat volwassenes in staat moet wees daartoe om te hoor, te verstaan en in ag te neem wat kinders probeer sê (Zaal, 2003:158). Ludwig (2007:26) beklemtoon dat voorgraadse opleiding maatskaplike werkers nie voldoende toerus om as deskundiges op te tree nie.

Webb (2011:16) beklemtoon dat intervensiemetodes gegrond moet wees op 'n ware verstaan van al die bydraende faktore en aangepas moet kan word by die interne en eksterne behoeftes van kinders. Vir maatskaplike werkers om in staat te wees daartoe om gepaste intervensies vir individuele kinders te kies, is dit noodsaaklik dat gepaste hulpbronne en genoeg tyd beskikbaar moet wees om werklik tot die kind se leefwêreld te kan toetree. Slegs dan sal die maatskaplike werker in staat wees daartoe om die kind se wêreld werklik vanuit sy perspektief, te verstaan.

Subtema 2: Individualisering van kinders

'n Aantal respondente het ook beklemtoon dat dit noodsaaklik is dat die maatskaplike werker die individualiteit van elke kind moet respekteer. Die volgende response is verkry:

“Dit is noodsaaklik dat maatskaplike werkers moeite maak om individueel met elke kind te konsulteer.”

“Maatskaplike werkers moet sensitief wees vir hoe elke kind werk.”

“Dit is ons verantwoordelikheid om elke kind 'n billike kans te gee om deel te kan neem”

“Dit is ons verantwoordelikheid om nie moeg te raak vir die werk wat ons doen nie, al handel ons dikwels met soortgelyke situasies en probleme. Ons moet besef ons werk met kinders se lewens.”

“Daar moet geleentheid vir elke kind gebied word om sy storie te deel.”

“Ons kan geen kind ignoreer nie. Hulle is ons belangrikste kliënt.”

“Die maatskaplike werker moet begrip hê vir die temperament en persoonlikheid van elke kind.”

Die waarde van individualisering is gekoppel aan respek en die aanvaarding van die uniekheid van elke individu. Die maatskaplike werker moet elkeen se uniekheid respekteer. 'n Verdere element van individualisering is dat 'n spesifieke manier om een persoon te hanteer, nie noodwendig op 'n ander persoon toegepas kan word nie. Behandelingstrategieë moet uiteindelik op die behoeftes van die kliënt fokus, en nie net op dié van die maatskaplike werker nie. Dit bring uiteindelik mee dat voortgesette aandag geskenk moet word aan die verbreding van professionele kennis en ontwikkeling van vaardighede ten einde 'n professionele, individuele diens aan die kliënt te kan lewer (Nicholas, Rautenbach & Maistry, 2011:239). Die maatskaplike werker moet dus, wanneer sy met kinders werk, sorg dat sy oor die nodige kennis en vaardighede beskik om met kinders te kan werk. Dit is ook noodsaaklik dat die maatskaplike werker nie net op haar generiese opleiding as maatskaplike werker moet kan steun nie. Spesialiskennis ten opsigte van die kind en vaardighede om met die kind te kan kommunikeer is noodsaaklik. In hierdie verband beklemtoon Holland (2004:81) die individualiteit van elke kind en die vestiging van 'n verhouding alvorens daar begin kan word met indringende eksplorering vir die doeleindes van kinderdeelname.

Elke kind ontwikkel teen sy eie pas. Gevolglik is dit noodsaaklik om in ag te neem dat kinders kronologies in 'n spesifieke ouderdomsgroep val, maar dat bykomstige faktore soos die aard van misbruik, sosio-ekonomiese status, kulturele verskille en psigiese en emosionele agterstande ook in ag geneem moet word tydens die bepaling van die individu se bevoegdheid om te kan deelneem (Massengale, 2007:2). Boezaart (2009:126) noem dat dit noodsaaklik is dat volwassenes moet beseef dat die besluit om kinders by kinderdeelname te betrek primêr individueel moet geskied vir elke kind in elke spesifieke situasie.

Elke kind is uniek en sal verskillend reageer op die metode waarvolgens hulle deelneem, asook teenoor die persoon wat hulle laat deelneem. Elke kind behoort

uiteindelik as individu gerespekteer te word in plaas daarvan dat 'n voorskriftelike benadering tot deelname gevolg word (Boshier & Steel-Baker, 2007:553-554).

Nadat daar gelet is op die verantwoordelikheid van die maatskaplike werker tydens die implementering van kinderdeelname is daar laastens gelet op die sterktes en leemtes ten opsigte van die implementering van die huidige praktyk van kinderdeelname. Die volgende vraag is aan deelnemers gestel,

“Watter faktore beïnvloed die implementering van kinderdeelname?”

Die response van deelnemers word vervolgens ooreenkomstig die hooftema en vier daaropvolgende sub-temas bespreek.

7.5 Tema 5: Faktore wat die implementering van kinderdeelname beïnvloed

Uit die response van deelnemers was dit duidelik dat verskeie faktore die implementering van kinderdeelname negatief beïnvloed. Daar was 'n duidelike onderskeid tussen die insette van respondente in die privaatsektor en dié in die staatsektor sowel as nie-regeringsorganisasies.

Subtema 1: Hoë gevalleladings

Drie respondente het insette gelever ten opsigte van die invloed van hoë gevalleladings op kinders se deelname. Die response hierop was soos volg:

“Tyd is 'n kwessie. Van die kinders wil net nie praat nie en hulle is stram. Jy kan nie vir 'n uur met 'n kind sit nie, want daar is 'n klomp ander kinders wat jy ook moet gaan sien.”

“Ons tyd is altyd beperk en kinders kry meestal nie genoeg aandag nie.”

“Ons het nie baie tyd om met kinders te kommunikeer nie. Ons gevalleladings is te hoog. Kinders suig gewoonlik aan die agterspeen in ons prosesse.”

Maatskaplike werk word beskryf as frustrerend en somtyds oorweldigend weens die behoeftes van gemeenskappe vergeleke met die aantal professionele persone wat beskikbaar is om gesinne te ondersteun. Brown en Neku (2005:309) beklemtoon menslikheidsbronsbeperkings ten opsigte van maatskaplikewerk-dienslewering. Dit

was duidelik dat deelnemers wat verantwoordelik is vir die uitvoering van statutêre funksies in welsynsorganisasies, veral oorweldig word deur die aantal gevalle wat hulle individueel moet hanteer. Tydens groeppesprekings was daar 'n beduidende verskil tussen prosesse van kinderdeelname wat hoofsaaklik met die kwessie van beskikbare tyd verband hou.

Earle (2008:32) beklemtoon dat maatskaplike werkers verplig word om generiese maatskaplike dienste te lewer, wat soms konflikterend kan wees. Die kombinasie van laasgenoemde faktore bring hoë gevalleladings, oneffektiwiteit, spanning en angstigheid, emosionele uitbranding en selfs insidente van wanpraktyke mee, aangesien maatskaplike werk beperk word tot krisisbestuur. Webb (2011:73) meld dat beperkte tyd dikwels meebring dat maatskaplike werkers nie daarin slaag om volledige assessering te doen nie. Sekere deelnemers as statutêre maatskaplike werkers werkzaam is, het dit duidelik laat blyk dat kinderdeelname as 'n eenmalige insident hanteer word vanweë hoë gevalleladings, terwyl privaatpraktisyns aangedui het dat hulle soms soveel as vyf individuele geleenthede vir kinders skep om deel te neem, met die aanwending van verskeie intervensies.

Uit die response van deelnemers is dit duidelik dat hoë gevalleladings 'n direkte negatiewe gevolg het vir kinders en die mate waarin hulle in staat gestel word om deel te neem. Die groot uitdaging is egter dat daar nie 'n eenvoudige oplossing is vir die gebrek aan mannekrag nie.

Subtema 2: Beperkte vaardighede

Vier van die respondente het aangedui dat maatskaplike werkers dikwels voel dat hulle nie voldoende toegerus is daarvoor om die kind te laat deelneem nie. Die response hierop was soos volg:

“Daar is geen uniforme opleiding vir die implementering van Artikel 10 nie.”

“Ek dink die mees beperkende faktor is die vermoë van die maatskaplike werker om op die kind se ontwikkelingsvlak te hoor wat hy sê, verbaal en nie-verbaal.”

“Dit is noodsaaklik dat die maatskaplike werker in staat moet wees om die kind se deelname of assesseringsinligting korrek te interpreteer. Interpretasie van inligting word beïnvloed deur die maatskaplike werker se paradigma en objektiviteit.”

“Dit is baie moeilik by NGO’s, aangesien jy met alles moet werk. Dit bied nie die geleentheid vir spesialisasie nie.”

Sloth-Nielsen (2008b:115) en Sinclair (2004:112) wys daarop dat dit nodig is om te verseker dat die kind se ‘werklike’ stem tydens deelname gehoor moet word, eerder as die volwassene se interpretasie daarvan. Hulle voer aan dat die oplossing moontlik daarin lê om kinderdeelname as ’n proses te beskou, eerder as ’n eenmalige gebeurtenis. Kinders kan alleenlik werklik by kinderdeelname betrek word indien hulle bereid is om inligting te deel. So ’n situasie kan alleenlik verwesenlik word indien hulle bereid is om die maatskaplike werker te vertrou, indien hulle gerespekteer word en indien daar in ’n redelike mate ’n vertrouensverhouding gevestig is. Indien kinderdeelname suksesvol geïmplementeer word, kan dit nie beskou word as ’n eenmalige geleentheid nie, maar behoort dit eerder ’n proses van voorbereiding, werklike insluiting, konsultasie en terugvoer aan kinders te wees.

Saywitz en Camparo (1998:826) postuleer dat kinders soms vrae beantwoord wat hulle nie ten volle verstaan nie en dat volwassenes dan die bedoeling van kinders se response verkeerd interpreteer. Daar behoort gewaak te word daarteen om kunsmatig deelnemende praktyke vir kinders te skep, wat uiteindelik slegs aangewend word om aan die vereistes van wetgewing te voldoen, terwyl die maatskaplike werker uit die staanspoor reeds besluit het oor die uitkoms.

Die aanstelling van ’n privaat maatskaplike werker om die kind by onderhoudvoering te betrek en sy wense aan die hof bekend te maak word beskou as ’n meer geskikte metode van kinderdeelname. Privaat maatskaplike werkers het meestal spesialis opleiding in die hantering van kinders en het toegang tot ’n groot aantal hulpbronne. Slegs wetlike riglyne word gevolg ten opsigte van die beste belang van die kind, sonder om dienste areagebonde te lewer en te let op organisatoriese riglyne en struktuur. Privaat maatskaplike werkers het beheer oor die tipe dienste wat hulle lewer en die hoeveelheid gevalle wat hulle hanteer. Die koste van hierdie praktisyns is dikwels onbetaalbaar en tans slegs vir die welgestelde bevolking beskikbaar (Barratt, 2003:155).

Earle (2008:31) noem dat Suid-Afrikaanse generiese maatskaplike werkers dikwels gefrustreerd en oorweldig is deur die behoeftes van die gemeenskap te midde van ’n tekort aan personeel en die gebrek aan hulpbronne. Dit bring mee dat die

geleentheid vir spesialisering uiters beperk is. UNICEF (2004:14) beklemtoon dat genoeg tyd en menslike hulpbronne beskikbaar moet wees ten einde betekenisvolle kinderdeelname te verseker.

Subtema 3: Beperkte hulpbronne

Drie van die deelnemers het die invloed van beperkte hulpbronne op die implementering van kinderdeelname beklemtoon. Die response hierop was soos volg:

“Daar is ’n groot tekort aan maatskaplike werkers, ons is glad nie genoeg om kinderdeelname effektief te implementeer nie.”

“Ek werk met Xhosa-sprekende kinders, en kan nie effektief met hulle kommunikeer nie. Tolke is nie opgelei as maatskaplike werkers nie, en meeste van die tyd antwoord hulle slegs ‘ja of nee’ op die vrae wat ek vra.”

“Ons mannekrag is nie genoeg om Artikel 10 te implementeer nie.”

Earle (2008:31) noem dat maatskaplike werkers se toegang se toegang tot hulpbronne soos toepaslike supervisie, skryfbehoeftes, kantoorruimte en meubels, inligtingstechnologie, taal- en administratiewe ondersteuning, voertuie, ondersteuning van ander professionele persone en instansies soos plekke van veiligheid gebrekkig is. Brown en Neku (2005:309) bevestig bogenoemde en beklemtoon dat gebrek aan hulpbronne soos toerusting, gekwalifiseerde supervisors en indiensopleiding die effektiwiteit van dienslewering nadelig beïnvloed.

Subtema 4: Beperkings van kinders

Vier van die respondente het aangedui dat die beperkings van kinders ’n invloed het op die suksesvolle implementering van kinderdeelname. Die response hierop was soos volg:

“Partykeer kry jy ’n vyf- of ses-jarige kind wat so agter is dat jy eintlik nie by hom inligting kan kry nie.”

“Grootmense, die maatskaplike omstandighede asook die kind se omgewing het ’n invloed op die kind se vermoë om deel te neem. Kinders word maklik beïnvloed deur volwassenes.”

“Die verstandelike vermoëns van die kind asook die kind se weerstand behoort in ag geneem toe word. Die kind moet gereed wees vir deelname.”

“Kinders was soms by so baie tannies dat hulle nie weer daarvoor wil praat indien hulle opgeneem word in die kinderhuis nie. In dié geval speel die verlies ten opsigte van vorige terapeutiese verhoudings ook ’n rol.”

Respek vir kliënte is veral van toepassing tydens werk met kinders. Dit is noodsaaklik dat volwassenes in staat moet wees daartoe om in ’n speeltaal te kan kommunikeer, eerder as om bloot te verwag dat die kind verbaal kommunikeer. Die verhouding tussen die maatskaplike werker en ’n kind vereis uiteindelik spesifieke vereistes van die werker wat op die kind se ontwikkelingsvlak kontak moet maak, terwyl daar terselfdertyd gepoog moet word om betekenis aan die kind se spel te het ten einde toepaslik op die spelmetafoor te reageer (Webb, 2011:57). Kinderdeelname is ’n geweldige verantwoordelikheid wat omsigtig en met sorg nagekom moet word. Dit is noodsaaklik dat maatskaplike werkers vaardig en voorbereid moet wees om kinderdeelname te fasiliteer alvorens daar gelet kan word op die kinders se vermoëns om te kan deelneem.

8. GEVOLGTREKKINGS

Uit die studie kom die navorser tot die volgende gevolgtrekkings:

- Maatskaplike werkers ag dit noodsaaklik om kinders tydens dienslewering te laat deelneem.
- Kinderdeelname stel maatskaplike werkers in staat daartoe om vertrouwd te raak met die individuele behoeftes en sienings van kinders.
- Kinders kan belangrike insette lewer ten opsigte van die bepaling van hul beste belang.
- Daar is beduidende voordele vir kinders ten opsigte van kinderdeelname en insluiting by besluitneming.
- Kinders se reg op deelname word volkome aan die oordeel en individuele implementering van maatskaplike werkers oorgelaat.

- Ouderdomtoepaslike onderhoudprosedures stel maatskaplike werkers in staat daartoe om die leemtes in kinders se vermoëns te beperk deur eerder op hulle sterktes te fokus.
- Die unieke behoeftes van kinders en die beskikbaarheid van hulpbronne beïnvloed die implementering van kinderdeelname.
- Maatskaplike werkers ervaar 'n gebrek aan opleiding en vaardighede ten opsigte van die implementering van effektiewe en ouderdomtoepaslike kinderdeelname.
- Maatskaplike werkers maak gebruik van onderhoudvoering tydens die implementering van kinderdeelname.
- Maatskaplike werkers dui aan dat hulpmiddele tydens die implementering van kinderdeelname effektief aangewend kan word ten einde ouderdomtoepaslike insette van kinders te bekom.
- As metode van kinderdeelname kan kinders tydens konsultasies met betekenisvolle volwassenes betrek word.
- Dit is noodsaaklik dat die individualiteit van kinders tydens kinderdeelname gerespekteer moet word.
- Die effektiewe implementering van kinderdeelname word deur hoë gevalleladings en beperkte menslike hulpbronne beïnvloed.
- Vanweë beperkte tyd, hulpbronne en vaardighede hanteer generiese maatskaplike werkers kinderdeelname hoofsaaklik as 'n eenmalige insident,.
- Maatskaplike werkers meld dat die beperkte vermoëns van kinders 'n invloed het op die suksesvolle implementering van kinderdeelname.

9. AANBEVELINGS

Op grond van die voorgenoemde bevindings en gevolgtrekkings word die volgende aanbevelings gemaak:

- Die etiese en praktiese noodsaaklikheid van kinderdeelname moet tydens maatskaplike dienslewering aan alle kinders beklemtoon word.

- Kinders behoort aan die bepaling van hul beste belang deel te neem, eerder as dat besluite deur maatskaplike werkers geneem word, bloot op grond van inligting wat van volwassenes bekom is.
- Billike geleentheid vir deelname moet aan alle kinders gebied word, aangesien dit spesifiek persoonlike voordele vir kinders inhou.
- Maatskaplike werkers moet in staat wees daartoe om die onderhoud en invensies met kinders by hul ontwikkelingsvlak aan te pas. Kinders se response behoort vanuit 'n ontwikkelingsperspektief geïnterpreteer te word.
- Maatskaplike werkers moet aangemoedig word om kinders te beskou as waardevolle entiteite wat in staat is daartoe om as individue betekenisvolle insette te kan lewer.
- Tydens die implementering van kinderdeelname moet maatskaplike werkers sensitief wees vir kinders se unieke, individuele behoeftes.
- Voldoende hulpbronne moet beskikbaar wees vir die effektiewe implementering van kinderdeelname.
- Spesialiteitsopleiding en vaardighede moet beskikbaar gestel word aan alle maatskaplike werkers wat verantwoordelik is vir die implementering van kinderdeelname.
- Maatskaplike werkers moet in staat wees daartoe om ouderdomtoepaslik op die vlak van die kind te kommunikeer ten einde suksesvolle kinderdeelname te verseker.
- Maatskaplike werkers benodig spesifieke kennis en vaardighede ten opsigte van die aanwending van hulpmiddele tydens die implementering van kinderdeelname.
- Maatskaplike werkers moet tydens gesamentlike konsultasies met betekenisvolle volwassenes in staat wees daartoe om effektiewe kinderdeelname te fasiliteer.
- Tydens kinderdeelname moet maatskaplike werkers kinders se individualiteit respekteer. Assessering- en intervensiestrategieë behoort op die individuele behoeftes van kinders te fokus.

- Meer maatskaplike werkers moet tot die beroep toetree, en die gevallelading per maatskaplike werker moet verlig word ten einde die strewe na effektiewe implementering van kinderdeelname te verwesenlik
- Kinderdeelname behoort as 'n proses hanteer te word, waar daar geleentheid gebied word vir voorbereiding, werklike insluiting, konsultasie en terugvoer aan kinders.
- Maatskaplike werkers benodig kennis en vaardighede om kinders met beperkte vermoëns na suksesvolle kinderdeelname te begelei. Daar behoort eerder gefokus te word op spesialiteitsopleiding van maatskaplike werkers as instaatstellende faktor, eerder as op kinders se beperkte vermoëns as inhiberende faktor.

10. SAMEVATTING

Maatskaplike werkers speel 'n sleutelrol ten opsigte van die effektiewe implementering van kinderdeelname ingevolge Artikel 10 van die Kinderwet, wet 38 van 2005. Tydens die proses van die bepaling van kinders se beste belang bied Kinderdeelname die geleentheid aan maatskaplike werkers om vertrouwd te raak met die kinders se individuele behoeftes en persepsies.

Kinders se reg op deelname word hoofsaaklik bepaal deur die oordeel van die maatskaplike werker ten opsigte van die kind se behoeftes en vermoëns. Die implementering van kinderdeelname vereis van die maatskaplike werker spesialiskennis, vaardighede en ervaring ten einde gepaste en effektiewe metodes van deelname toe te pas om kinders se insette te verkry. Verder behoort daar genoeg mannekrag te wees en ook toegang tot voldoende hulpbronne ten einde 'n billike geleentheid aan kinders te bied om werklik by deelname betrek te kan word.

11. BIBLIOGRAFIE

- Africa, A., Dawes, A., Swartz, L. & Brandt, R. 2003. Criteria used by family counsellors in child custody cases: a psychological viewpoint. (*In* Burman, S. The fate of the child: legal decisions on children in the new South-Africa. Lansdowne: Juta Law. p. 122-144.)
- Alston, M. & Bowles, W. 2003. Research for social workers: an introduction to methods. 2nd ed. London: Routledge. 234 p.
- Ang, F., Berghmans, E., Catrijsse, L., Delens-Ravier, I., Delplace, M., Staelens, V., Vandewiele, T., Vandresse, C. & Verheyde, M. 2006. Participation rights of children. Antwerpen: Intersentia. 225 p.
- Barratt, A. 2003. The best interest of the child: where is the child's voice? (*In* Burman, S. The fate of the child: legal decisions on children in the new South-Africa. Lansdowne: Juta Law. p. 145-157.)
- Boezaart, T. 2009. Child law in South Africa. Claremont: Juta.
- Boshier, P. & Steel-Baker, D. 2007. Invisible parties: listening to children. *Family court review*, 45(4):548-559.
- Brown, M. & Neku, R.J. 2005. A historical review of the South African social welfare system and social work practitioners' views on its current status. *International social work*, 48(3):301-312.
- Burman, S., Matthias, C., Sloth-Nielsen, J. & Zaal, N. 2003. Beyond the rights of a child. (*In* Burman, S. The fate of the child: legal decisions on children in the new South-Africa. Lansdowne: Juta Law. p. 1-8.)
- Canadian Mental Health Association. 1995. Working with Young People: A Guide to Youth Participation in Decision Making. Toronto: Canadian Mental Health Association.
- Cashmore, J. & Parkinson, P. 2009. Children's participation in family law disputes: the views of children, parents, lawyers and counsellors. *Family matters*, 82:15-21.
- Chirwa, D.M. 2002. Participating rights: challenging African legislation. *Children FIRST*: 32-33.

- Clark, A. & Statham, J. 2005. Listening to young children: experts in their own lives. *Adoption & fostering*, 29(1):45-56.
- Compton, B.R. & Galaway, B. 1989. Social work processes. Belmont, CA: Wadsworth.
- Corey, M.S., Corey, G. & Corey, C. 2010. Groups: process and practice. 8th ed. Belmont, Calif.: Brooks/Cole Publishers.
- Creswell, J.W. 2009. Research design: qualitative, quantitative and mixed methods approaches. 3rd ed. Thousand Oaks, Calif.: Sage Publications.
- D’Cruz, H. & Jones, M. 2004. Social work research: ethical and political context. London: Sage Publications. 194 p.
- Earle, N. 2008. Social work in social change: the profession and education of social workers in South Africa. Cape Town: HSRC Press. 163 p.
- Evans, C.A. 2009. Ethical implications of child welfare policies in England and Wales on child participation rights. *Ethics and social welfare*, 3(1):95-101.
- Fouché, C.B. & De Vos, A.S. 2005. Problem formulation. (In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L., eds. Research at grass roots: for the social sciences and human service professions. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik. p. 100-110.)
- Fouché, C.B. & De Vos, A.S. 2011. Formal formulations. (In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L., eds. Research at grass roots: for the social sciences and human service professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaik. p. 89-100.)
- Greene, S. & Hogan, D. 2005. Researching children’s experience: approaches and methods. London: Sage Publications.
- Holland, S. 2004. Child and family assessment in social work practice. London: Sage Publications. 176 p.
- Irving, H.H. & Benjamin, M. 2002. Therapeutic family mediation: helping families resolve conflict. Thousand Oaks, Calif.: Sage Publications.

- Jordan, K. 2009. Need to be heard: increasing child participation in protection mediation through the implementation of model standards. *Family court review*, 47(4):715-736.
- Kruger, M.E. 2006. The development of a protocol to ensure the recognition of the rights of children during a legal process. Pretoria: University of Pretoria. (Proefskrif - DPhil.) 403 p.
- Kumar, R. 2005. Research methodology: a step-by-step guide for beginners. London: Sage Publications. 332 p.
- Landman, L. 2005. Integration of community development and statutory social work services within the developmental approach. Pretoria: University of Pretoria. (Proefskrif - MSD.)
- Louw, A.E. 2004. Die bevoegdheid van kinders as getuies 1: die rol van ouderdom en ontwikkelingsvlak in geheue. *Child research and abuse in South Africa*, 5(2):3-15.
- Luckock, B. & Lefevre, M. 2008. Direct work: social work with children and young people in care. London: British Association for Adoption and Fostering.
- Ludwig, C. 2007. 'n Ondersoek na opleidingsgeleentheid vir spesialisasie in forensiese maatskaplike werk. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit, Potchefstroomkampus. (Skripsie - MA.)
- Maree, K., ed. 2007. First steps in research. Pretoria: Van Shaik Publishers. 334 p.
- Massengale, J.D. 2007. Child development: a primer for child abuse professionals. 2007 OPAA Annual Training November 7, 2007, Hyatt on Capitol Square, Columbus, Ohio. [CD.]
- McIntosh, J.E., Wells, Y.D., Smyth, B.M. & Long, C.M. 2008. Child-focused and child-inclusive divorce mediation: Comparative outcomes from a prospective study of postseparation adjustment. *Family Court Review*, Vol 46(1): 105-124.
- Melton, G.B. 1999. Parents and children: legal reform to facilitate children's participation. *American psychologist*, 54:935-942.

- Milner, J. & O'Byrne, P. 2009. *Assessment in social work*. 3rd ed. New York: Palgrave Macmillan. 278 p.
- Morgan, R. 2006. *About social workers: a children's views report*. New Castle upon Tyne: Office for the Children's Rights Director, Commission for Social Care Inspection.
- Moses, S. 2008. Children and participation in South Africa: an overview. *International journal of children's rights*, 16:327-342.
- Mouton, J. 2002. *Understanding social research*. 3rd ed. Pretoria: Van Schaik Publishers. 272 p.
- Müller, K. 2003. The enigma of the child witness: a need for expert evidence. *Child abuse and research in South Africa*, 4(2):2-9.
- Neuman, W.L. 2000. *Social Research Methods: Qualitative and Quantitative Approaches*. London: Allyn & Bacon Inc. 83p.
- Nicholas, L., Rautenbach, J. & Maistry, M. 2011. *Introduction to social work*. Claremont: Juta. 385 p.
- Nixon, P. 2006. Seen but not heard? Children and young people's participation in family group decision making: concepts and practice issues. *American humane*, 22(1):20-36.
- Percy-Smith, B. & Thomas, N. 2009. *A handbook of children and young people's participation: perspectives from theory and practice*. London: Routledge. 378 p.
- Ras, S. 2009. 'n Ondersoek na die behoeftes en probleme van die seksueel misbruikte adolessent wat betrokke is by die hofsisteem. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch. (Verhandeling - MA.)
- Saywitz, K & Camparo, L. 1998. Interviewing child witnesses: a developmental perspective. *Child abuse & neglect*, 22(8):825-843.
- Sinclair, R. 2004. Participation in practice: making it meaningful, effective and sustainable. *Children & society*, 18:106-118.
- Sloth-Nielsen, J. 2008a. *Children's rights in Africa: a legal perspective*. Aldershot, UK.: Ashgate Publishing. 352 p.

- Sloth-Nielsen, J. 2008b. Trials and tribulations, trends & triumphs: developments in international, African and South African child and family law. Cape Town: Juta Law. 278 p.
- Smart, C., Neale, B. & Wade, A. 2001. The changing experience of childhood: families and divorce. Cambridge: Polity Press. 220 p.
- Stephenson, P., Gourley, S. & Miles, G. 2004. Child participation. Teddington, Middlesex, UK.: Tearfund. 60 p.
- Strydom, H. 2005. Writing the research report. (*In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L., eds. Research at grass roots: for the social sciences and human service professions. 3rd ed. Pretoria: Van Shaik. p. 246-258.*)
- Strydom, H. 2011a. Ethical aspects of research in the social sciences and human service professions. (*In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L., eds. Research at grass roots: for the social sciences and human service professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaik. p. 113-129.*)
- Strydom, H. 2011b. Sampling and pilot study in qualitative research. (*In De Vos, A.S., Strydom, H., Fouché, C.B. & Delpont, C.S.L., eds. Research at grass roots: for the social sciences and Human service professions. 4th ed. Pretoria: Van Schaik. p. 390-396.*)
- Suid-Afrika. 2005. New Children's Act, Act 38 of 2005. Pretoria: Government Printer.
- UNICEF (United Nations Children's Fund). 2010. Children as Advocates: Strengthening Child and Young People's Participation in Advocacy Fora. New York: UNICEF.
- Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk. 1995. Nuwe woordeboek vir maatskaplike werk. Hers. en uitgebreide uitg. Kaapstad: CTP Book Printers. 72 p.
- Vandekerckhove, A. 2002. A commissioner for children's rights in the Flemish community in Belgium. (*In Franklin, B., ed. The new handbook of children's rights: comparative policy and practice. London: Routledge. p. 362-373.*)
- Viviers, A. 2010. The Ethics of Child Participation. Pretoria: University of Pretoria. (Proefskrif- MSW.) 255p.

Wallerstein, J.S. & Kelly, J.B. 1980. *Surviving the breakup*. New York: Basic Books.

Warshak, R.A. 2003. Payoffs and pitfalls of listening to children. *Family relations*, 52(4):373-384.

Webb, N.B. 2011. *Social work practice with children*. New York: Guilford Press. 469 p.

White, S.C. 2002. Being, becoming and relationship: conceptual challenges of a child rights approach in development. *Journal of international development*, 14:1095-1104.

Zaal, N. 2003. Hearing the Voices of Children in Court: A field study and evaluation. (*In* Burman, S. *The fate of the child: legal decisions on children in the new South Africa*. Landsdowne; Juta Law. p. 158-178.)

BYLAES

Maatskaplike Werk

16 Januarie 2012

Dr. Mathilda Smit

Somerset-Wes

Epos: mathildasmit@mweb.co.za

Beste Dr. Smit

NAVORSING - MARIETJIE VAN DER HEEVER: NWU (POTCHEFSTROOMKAMPUS)

Die ondergetekende is tans 'n geregistreerde student by die Noordwes Universiteit (Potchefstroomkampus) in die Meestersgraad Program : Forensiese Praktyk. Een van die vereistes van die program is om navorsing te doen in die forensiese veld. Vir die doeleindes loods die student 'n navorsingsprojek om die verantwoordelikheid van maatskaplike werkers ten opsigte van kinderdeelname soos in Artikel 10 van die Kinderwet (wet 38 van 2005) omskryf word, te bepaal.

Die waarde van die studie sal wees dat dit die maatskaplike werker in staat sal stel daartoe om krities te let op die rol en die verantwoordelikheid van maatskaplike werkers ten opsigte van kinderdeelname soos uiteengesit in Artikel 10 van die Kinderwet (wet 38 van 2005).

Die student maak graag van die geleentheid gebruik u uit te nooi om deel te neem aan die navorsingsprojek. Deelname aan die studie is vrywillig en die keuse van deelnemers sal ten volle gerespekteer word.

Neem kennis dat die navorsingsprojek uitgevoer sal word onder die supervisie van Professor Cornelia Wessels en sal voldoen aan etiese en professionele praktyk standaarde. Alle inligting sowel as die identiteit van alle persone wat by die studie betrokke is, sal met vertroulikheid hanteer word. Ten einde die insameling van inligting te vergemaklik sal onderhoude op band opgeneem word. Die onderhoude sal in die taal van u keuse uitgevoer word en bandopnames sal hersirkuleer word sodra die navorsingsverslag voltooi is.

Indien u besluit om deel te vorm van die studie kan 'n geskikte datum en tyd wat vir u gedurende Januarie 2012 gepas sal wees vir die onderhoud, aan die student voorsien word.

Indien u enige verdere navrae het kan Marietjie van der Heever gekontak word by 0218711579 (w) of 0768575740 (s) of marietjie@morgenzonpractice.co.za.

Byvoorbaat dankie



Hierdie is 'n elektronies gegenereerde hantekening.

ME. M. VAN DER HEEVER

Student



Hierdie is 'n elektronies gegenereerde hantekening.

PROF. C.C. WESSELS

Studieleier



23 Oktober 2012

Hiermee verklaar ek, **me Cecilia van der Walt**, dat ek die taalversorging van die skripsie van **me Marietjie van der Heever**, getitel *Die implementering van kinderdeelname ingevolge Artikel 10 van die Kinderwet, wet 38 van 2005*, en *die maatskaplike werker se verantwoordelikheid*, behartig het.

ME CECILIA VAN DER WALT

HOD, BA
Plus Taalversorging en vertaling op Hons-vlak,
Plus Akkreditering by SAVI vir Afrikaans
Registrasienuommer by SAVI: 1000228

Epos-adres: ceciliavdw@lantic.net

Selnommer: 072-616 4943 (S)

Faksnommer: 086 578 1425